

**Woensdag 29 Junie**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 1:3-11**

**Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:20**

**Leef voluit as God se kind, want jou verlossing is van ewigheid af beplan**

Petrus wys verontregte gelowiges op 'n tweede beweegrede waarom hulle moet aanhou lewe as God se kinders en nie moet verloor as hulle sleg behandel word nie. Hy sê in vers 20 dat Jesus al voor die skepping van wêreld deur die Vader as jou Verlosser bestem was.

Jou verlossing in Christus is nie sommer 'n hierjy ding wat gou-gou uitgedink is toe God gesien het jy is diep in die moeilikheid nie. Nee, God het jou as sy kind van ewigheid af al in die oog gehad. Hy is nie onkant betrap deur jou sonde nie. Dit was 'n geheim gewees wat Christus met sy menswording kom bekendmaak het. Jou naam staan ook in die boek van die lewe. Jy, gelowige, het God lankal al beplan om in Christus te kom red. Jy was regtig al die tyd deel van sy verlossingsplan.

Ek weet nie hoe dink jy daaroor nie, gelowige, maar dit is vir my ou klein verstandjie net te groot om te begryp. Soos ons kinders graag sê: Dis “mind-boggling”.

Nou vra ek jou, gelowige, is dit nie 'n aangrypende rede om onder die moeilikste omstandighede by die skool of universiteit of werk, waar jy verguis en as gelowige geminag word, te volhard om as kind van die Here te lewe nie? Ja, duisend maal ja! Ek was van ewigheid af al deel van God se verlossingsplan, ek was van altyd af deel van sy uitverkiesende liefde in Christus Jesus. Daarom moet ek dit nie opmors nie, maar uithou en aanhou en volhou om as sy kind te lewe.

*Sing: Skrifberyming 5-4:3, 4*

*Ds. TJ (Theuns) Potgieter (Port Elizabeth)*